

18 September

Skrifgedeelte: Matteus 27:15-26

Fokusgedeelte: Matteus 27:17,21,26

Die Seun van die Vader

“Barabbas het hy losgelaat, maar Jesus het hy oorgelewer.” ‘n Geweldige rolverwisseling, plaasvervanging en borgstaan vind hier plaas. Die fyn woordspeling in die name van die rolspelers benadruk hierdie rolverwisseling.

Om te begin, was albei die rolspelers se name *Jesus* en albei was gevangenes. Dit is egter Barabbas, die misdadiger, die moordenaar, die geweldenaar, die skuldenaar, die uitvaagsel van die samelewing, wat losgelaat word. Hy word losgelaat in die plek van Jesus Christus. Net soos wat hy losgelaat word, word die sondige volk, word ook ons losgelaat in die plek van Jesus. Een sterf volgens die profesie in die plek van baie!

Daar is nog 'n verdere ongelooflike rolverwisseling wat met die woordspeling in die naam *Barabbas* na vore kom. Die naam is saamgestel uit twee woorde: *Bar* en *Abba*. Die woord *bar* beteken "seun van". Die naam van hierdie misdadiger is dus *Jesus Barabbas*, dit wil sê *Jesus bar*, "seun van Abba". Ons ken die woord *Abba* uit Romeine 8 waar daar staan dat die Heilige Gees saam met ons getuig dat ons kinders van God is en ons tot God laat roep *Abba*, wat "Vader" beteken. *Jesus Barabbas* beteken dus "die seun van die Vader". Wat was Jesus Christus se lewenslange prediking? Hy het gepreek dat Hy die Seun van die Vader, die Seun van God is! Hier word die rolle verwissel. Die verkeerde seun van die vader word vrygelaat en die regte Seun van die Vader word oorgelewer. Hoe ongelooflik werk God se genade nie!. Dit is waarom Jesus mens geword het – om plekke te ruil, om waarlik ons borg te wees!

Barabbas, seun van die vader is losgelaat, en jy en ek, sondaars, is eweneens losgelaat om kinders van die Vader te wees en erfgename van die ewige lewe. Ons is die barabbasse, kinders van die Vader wat vir ewig losgelaat is.

Ds PK Lourens (Bloemfontein-Oos)